

Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd

Lambrechtstraat, Hugenoot
Paarl, Suid Afrika

+27 21 877 5300

infos@yara.com

www.yara.co.za

Bedryfskantore
in meer as
50
lande



Verkope
in meer as
150
lande

Yara se teenwoordigheid in die mark sluit 'n globale netwerk van kantore in meer as 50 lande sowel as verkope in meer as 150 lande in. Die maatskappy het 'n sterk produksie- en bemarkingbasis in Europa. Yara het sy teenwoordigheid baie uitgebrei in Noord- en Suid-Amerika met veral 'n sterk verteenwoordigheid in Brasilië asook Australië, maar is ook tans besig om uit te brei in Afrika en Asië.

Kennis van die mark

Yara bied 'n wye verskeidenheid van oplossings vir boerderye en ander bedryfsrigtings oor die hele wêreld en benut sy ondervinding en kennis om oplossings doelspesifiek volgens plaaslike behoeftes aan te pas. Yara se omvattende portefeulje van minerale, kunsmistowwe en oplossings ondersteun volhoubare landbou en dek die noodsaaklike voedingsbehoefte van 'n wye verskeidenheid gewasse.

'n Maatskappy wat 'n verskil maak

Yara het hom tot 'n volhoubare toekoms verbind. Ons skep waarde deur winsgewende en volhoubare groei te bevorder wat op kliënte, aandeelhouders en die samelewing gerig is. Hierdie waarde stel Yara in staat om 'n verskil te maak. Die suksesvolle belyning van Yara se huidige en toekomstige kernbesigheid met globale uitdagings, sal die maatskappy se posisie versterk en 'n volhoubare mededingende voordeel skep. Yara maak 'n verskil deur sy betrokkenheid by drie onderling verwante fokusareas: voedselsekureit, hulpbronbestuur en omgewingskwessies. Dit plaas Yara in 'n unieke posisie om lewensvatbare besigheidso oplossings vir wêreldwye uitdagings te ontwikkel.




Knowledge grows



Kwaliteit aartappels

Kwaliteit aartappels




Tydsberekening is alles

Yara werk wêreldwyd saam met navorsers en produsente om waardevolle ondervinding in te win oor die optimale aanwending van ons kunsmis. Ons weet dat hoeveelheid en tydsberekening van kunsmistoediening (met inagneming die van beskikbaarheid van voedingselemente via die grond, gewasresidu en ander misstowwe) noodsaaklik is om groei van die gewas te verseker. Die gehalte van die oes moet nooit in gevaar gestel word nie.

Aartappels ontvang relatief groot hoeveelhede kunsmis as grondtoediening. Tog kan daar in tye van vinnige groei (in sekere klimaat- of grondtoestande) tekorte ontstaan omrede die wortelsisteem nie genoegsame voeding vanaf die grond onttrek om aan die hoë vraag van die plant te voorsien nie. Sterk klem op die bestuur van voedingselemente is noodsaaklik, maar die toediening van blaarvoeding op 'n spesifieke tydstip, wat bepaal word deur funksie en behoefte, is ook belangrik om sukses te behaal.

YaraVita™ blaarvoeding

YaraVita™ produkte is nie slegs voedingselemente nie, maar produkte wat ontwikkel is met die doel om aan die gewas se behoefte te voorsien. Met die keuse van YaraVita™ kan jy verseker wees dat toedienings maklik, gerieflik, effektief en veilig sal wees vir die plant om te gebruik.



YaraVita™ blaarspuitte speel 'n belangrike rol tydens voeding.

	1 Week na opkoms	Knolniasie	Knolvergroting	Hierdie is 'n volledige spuitprogram wat al die maontlike spuite insluit. Kontak u plaaslike landboukundige vir 'n spuitprogram wat op spesifieke toestande gegrond is.
Blaarspuitte YaraVita™	Bortrac 150	Mancozin	Mancozin	
	Magtrac 300	Seniphos	Seniphos	
	Foliamag 300		Magtrac	
		Chelate 1089		

Noodsaaklike voedingselemente

Stikstof (N) is belangrik vir blaar- en knolgroei. Soos in die geval van kalium word daar 'n redelike hoeveelheid stikstof vanaf die blare getranslokeer na knolle tydens knolvulling.

Fosfaat (P) word benodig in redelike groot hoeveelhede, veral tydens vroeë groeistadiums, om wortelontwikkeling en knolniasie te bevorder. Dit is ook tydens knolvulling later in die groeiseisoen nodig.

Kalium (K) is die element wat die intensiefste verbruik word. Verbruik verskil egter van land tot land en grootte van die opbrengs. Aartappels se verbruik van kalium kan tot 50% hoër as hul stikstofverbruik wees. Kalium sowel as stikstof is nodig tydens vegetatiewe groei, knolvorming en knolvergroting. Kalium is belangrik vir hoë-kwaliteit opbrengste.

Kalsium (Ca) is 'n sleutelkomponent van selwande. Dit help om 'n sterk struktuur te bou en verseker 'n stabiele sel. Waar selwande met kalsium verryk is, is daar meer weerstand teen infeksies van bakterieë en swamme. Kalsium is veral belangrik tydens selverdeling en -vergroting en is dus noodsaaklik voor en tydens die vinnige groeifase van die knolle. Relatief hoë kalsiumtoedienings is nodig om 'n klein hoeveelheid in die knolle te verkry wat nodig is vir kwaliteit knolle. 'n Konstante voorsiening van kalsium is ook nodig om goed ontwikkelde plante te verseker.

Boor (B) beïnvloed wortel- en halmgroei, plantontwikkeling en bestuiwing. Dit is belangrik by die opname en vervoer van kalsium. Genoegsame voorsiening van hierdie element is dus belangrik om gebalanseerde voedingselemente te verseker. Boor is noodsaaklik in selwande waar dit as sement vir pektien dien en kohesie-sterkte aan weefsel gee. Boor verhoog dus die opbergvermoë van die knolle.

Magnesium (Mg) is veral later in groeiseisoen nodig. Tydens knolvulling word Mg benodig om kwaliteit in stand te hou. Magnesium is ook tydens die fotosintese-proses belangrik.


Swael (S) word oor die hele groeiseisoen benodig en is veral belangrik in die onderdrukking van bruinskurf.

Beweging van Kalsium


Kalsium (Ca) speel 'n baie belangrike rol in die versterking van selwande. Selle met 'n optimale Ca-inhoud toon 'n hoër weerstand teen bakteriese- en swaminfeksies. Die Ca-voorsiening aan die knol vind slegs plaas via opname deur skil van die knol of wortels op stolon. Ander plantdele lewer 'n weglaatbaar klein bydrae.

Vanaf knol-inisiasie het aartappelplante 'n toenemende behoefte aan Ca. Toediening van YaraLiva™ Nitrabor™ of Calsinit vanaf hierdie groeistadium sal voldoende Ca in die regte vorm aan die plant voorsien.

Blaartoedienings van Ca is effektief om Ca-tekorte in blare aan te vul. Gesonde blare is noodsaaklik vir weerstand teen siektes en ekstreme klimaatstoestande.



Kalsium (rooi gekleur) beweeg vanaf wortels na stam, maar nie in die knol nie (Foto A).



Kalsium beweeg slegs na die knol via die stolon (Foto B en C).

Fotos: Die Universiteit van Wisconsin

